Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 129/04

Datum verhoor: 2006-02-02
Datum gelewer: 2006-02-03

In die appél van:

**JACOBUS BOBBEJEE** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* MOLWANTWA WnR

# UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is in die Streekhof skuldig bevind aan twee aanklagte van roof met verswarende omstandighede soos omskryf in artikel 1(1) van Wet 51 van 1977, sowel as aan twee aanklagte van verkragting. Op die roofaanklagte soos voormeld is hy gevonnis tot 5 jaar gevangenisstraf elk en op die verkragtingsaanklagte soos voormeld is hy gevonnis tot 12 jaar gevangenisstraf elk. Daar is gelas dat die vonnisse soos voormeld samelopend uitgedien word tot die effek dat die appellant effektiewelik 17 jaar gevangenisstraf

opgelê is. Die appellant kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevindings en vonnisse soos voormeld.

2. Die vonnis wat die streeklanddros die appellant opgelê het op die twee aanklagte van verkragting is *ultra vires* sy bevoegdhede. Die bevinding waartoe hy gekom het, naamlik dat die appellant die klaagster twee keer verkrag het, plaas die aangeleentheid vierkantig binne die bepalings soos vervat in deel I van Bylae 2 van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997. Artikel 52(2) van die voormelde wet lees as volg in sy gewysigde vorm:

"(1) Indien 'n streekhof, na-

(a) 'n pleit van skuldig; of
(b) 'n pleit van onskuldig,

'n beskuldigde skuldig bevind het aan 'n misdryf bedoel in-

(i) Deel I van Bylae 2; of
(ii) Deel II, III of IV van Bylae 2 en die hof van oordeel is dat die betrokke misdryf straf regverdig wat die regsbevoegdheid van 'n strookhof ingevolge artikel 51(2) te bowe gaan, staak die hof die verrigtinge en verwys die beskuldigde vir vonnis soos beoog in artikel 51(1) of (2), na gelang van die geval, na 'n Hoë Hof wat regsbevoegdheid het."

3. Bygevolg is dit duidelik uit die voormelde wetsbepaling dat 'n streeklanddros, sodra hy tot 'n bevinding kom, dat 'n beskuldigde byvoorbeeld 'n klaagster twee keer verkrag het, nie die regsbevoegdheid het om self vonnis op te lê nie, maar is hy verplig om die vonnisverrigtinge te staak en dit na hierdie Hof te verwys vir vonnisoplegging. Versuim om só op te tree en self vonnis op te lê

beteken dat ‘n streeklanddros *ultra vires* sy bevoegdhede optree en sy opgelegde vonnis soos *in casu* sal gevolglik nietig wees.

Sien in dié verband: **Direkteur van Openbare Vervolgings, Tranvaal *v* Makwetsja** 2004(2) SASV 1 (T) te 8d – 9d;

**Ndumane Mayisela v Die Staat** CA&R 154/04 gelewer 15/10/2004, (NK), (Olivier R met Lacock R samestemmend).

4. **Gevolglik word verklaar dat die vonnisse wat die appellant opgelê is op 26 April 2002 in die Streekhof te Kakamas nietig is en dat die gemelde vonnisse tersyde gestel word en vervang word met die volgende bevel:**

**a. "Die verrigtinge word ingevolge die bepalings van artikel 52(1) van die Strafregwysigingswet, Nr 105 van 1997, gestaak en die beskuldigde word vir vonnis verwys na die Noord-Kaapse Afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika.**

**b. Die appél teen die skuldigbevindings en vonnisse word van die rol geskrap.**

**c. Die appellant sal in hegtenis bly hangende die afhandeling van sy saak of enige ander bevel in hierdie verband deur die Hooggeregshof.**

________________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

__________________

**BC MOLWANTWA**
**WAARNEMENDE REGTER**

---

NAMENS APPELLANT : Adv T Fourie
NAMENS RESPONDENT : Adv TT Birch

DATUM VAN VERHOOR : 2006-02-02
DATUM VAN UITSPRAAK : 2006-02-03